# WAT IS DIE WAARDE VAN 'N SIEL

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (***kontak besonderhede verskyn elders op die webblad***)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**SKRIFVERWYSING VAN DIE LESING: Psalm 49:8**

**Psalm 49:8 Niemand kan ooit 'n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie**
**Psalm 49:9 (want die losprys van hulle lewe is te kosbaar en vir ewig ontoereikend),**

**The Passion Translation:**
**A soul's redemption is too costly and precious for anyone to pay with earthly wealth,**
**The price to pay is never enough to purchase eternal life for even one, to keep them out of hell.**

-o0o-

Ek wil graag 'n gedagte, wat die Here met my gedeel het, met julle deel. Dit handel oor **wat is jou, fisiese en geestelike waarde, hier op aarde.**

Ek het hierdie week 'n interessante artikel oor 'n renperd gelees. Hierdie spesifieke renperd se prys was drie-en-sewentig miljoen dollar ($73 miljoen), die hoogste prys wat nog ooit vir 'n renperd betaal was. Die skrywer van die artikel het die volgende gevra:

1. Kan 'n perd regtig soveel werd wees?
2. Wat is daar in 'n perd wat dit soveel waarde gee?
3. Kan hierdie perd ooit sy waarde, hierdie prys, inbring vir sy eienaar?

Die skrywer van die artikel maak toe hierdie treffende stelling:

Hy skryf: Die waarde lê nie in die perd nie, maar die waarde lê in die koper. Die koper bepaal die waarde van die perd. Wat ookal die koper met daardie perd wil doen, of hy hom net in 'n stal wil hou en daagliks sy prag en volmaaktheid wil bewonder, of dit sy liefde is vir die perd, wat ookal sy redes is, wat hy ookal in daardie dier sien, die waarde word nie deur die perd bepaal nie, die waarde word deur die koper van die perd bepaal.

Hy sê verder, iewers moes hierdie persoon **iets** in hierdie perd gesien het wat die normale mense daar buite nie sien nie, en daarom was hy bereid om so 'n astronomiese bedrag vir hierdie perd te betaal, ongeag wat sy doel met hierdie perd verder is. Hy sê ook tyd sal leer.

## Geen waarde kan 'n siel bepaal nie

Dít het my getref, en my laat dink aan ek en jy. Die Bybel sê vir ons dat die waarde van 'n siel nie bepaal kan word nie. Dit beteken dat daar niks is wat ooit bestaan het, of nog steeds bestaan, wat die waarde van 'n siel kan bepaal nie. Die somtotaal van al die goud, al die silwer, al die planete, al die sterrestelsels, maak nie saak wat hulle is nie, maak nie saak wat die waarde daarvan is nie, maak nie saak wat die waarde van die energie daarvan is nie, **niks** kan die waarde van 'n siel bepaal nie.

-o0o-

Dit kos al meer as N$300.00 om 'n 9kg gasbottel te hervul. In die heelal is daar sonne wat slegs uit gas bestaan en wat biljoene keer groter as die aarde is. Probeer jou voorstel wat is die waarde van net **een** so 'n son? Dink aan al die goud wat daar in die heelal is, dink aan wat alles daar in die heelal is, en God sê, die waarde van 'n siel kan nie bepaal word nie.

## God se Prys

Indien dit so maklik was, as God self die waarde van 'n siel kon bepaal, kon Hy gesê het, *'Satan, Ek gee jou soveel biljoen heelalle, Ek skep dit vir jou, los net die mensdom uit, daardie mense is Myne, so maklik soos dit'.* Maar selfs dit kon nie eers die waarde van jou en van my geëwenaar het nie. Dit het God **self** gekos, die **EEN** uit wie uit alles is, die Een van wie die Woord sê: Romeine 11:36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Uit Hom het alles voort gevloei, en uit Hom bestaan alles tot in alle ewigheid. Dit het daardie God gekos om mens te word soos ek en jy, om die prys te kon bepaal **en** betaal wat ek en jy nie werd is nie. Ons was niks werd nie, want ons was sondaars, ver weg en buite Sy wil in sonde gelewe. In Satan se hand, vol demoniese magte en Sataniese bindinge, noem dit wat jy wil, peste, siekte, kwale, gemors, alles wat vuil en onrein is. So ons het absoluut geen waarde gehad nie. Maar ons waarde word nie deur onsself bepaal nie. Halleluja! Die perd se waarde was nie deur homself bepaal nie, sy waarde was bepaal deur die koper, wat bereid was om daardie astronomiese prys te betaal.

## Losgekoop

Ek wil julle vanmôre met hierdie gedagte seën. Ek wil hê jy moet vanmôre in die spieël gaan kyk, kyk jouself diep in die oë en sê jy vir jouself: *'Weet jy wat, jy is niks, jy is 'n ou stukkie stof, maar hierdie Grote God, die Almagtige God wat die hele hemel en die aarde geskape het, in Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is, Hy het jou waarde bepaal'.*

Hy het jou waarde só hoog bepaal dat daar niks anders kon gewees het om jou vir Hom uit die kloue van Satan los te koop, behalwe Homself nie. Hy moes Homself gee, om 'n vloek te word.

Galásiërs 3:13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang—

Dit is die waarde wat Hy aan jou heg. Jou waarde word nie deur jouself bepaal nie, jou waarde word deur die Koper bepaal.

## Guns en Genade

Wat gaan ons met hierdie guns, genade, voorreg, noem dit wat ons wil, wat gaan ons hiermee maak? Want ek het nie woorde daarvoor nie. Wanneer 'n mens aan hierdie dinge dink dan word jy eintlik baie bewoë. Dan dink jy, Here kan ek regtig so mooi en soveel werd wees vir U, en wat is U uiteindelike raadsplan met my lewe?

Ons weet nie wat is die raadsplan van die koper met die perd nie. Gaan hy met hom teel, wil hy maar net elke dag daar by die stal gaan sit en sy skoonheid bewonder, hierdie prag perd net koester en troetel en lief hê en miskien self op hom ry?

-o0o-

## Styf teen Sy bors

Dan word ek herinner aan die volgende Skrif, wat baie keer in my gedagtes kom:

Jesaja 40:11 Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei.

Ek dink dit kan miskien vir ons alles opsom. Hy dra die lammers styf teen Sy bors. Hoe wonderlik om te dink dat, as ek na myself in die spieël gaan kyk vanmôre en ek sê: *Gert, hierdie God Almagtig, hierdie Abba Vader van ons, hierdie wonderlike Here van ons, hierdie Meester, Hy wat ons gemaak het, Hy wat ons gekoop het met die bloed van Sy Seun, Hy het aan ons 'n onbekostigbare waarde geheg. Dit is onskatbaar, ons waarde kan nie bepaal word nie, want jy kan nie die waarde van God bepaal nie, want ons is nie gekoop met enige skeppings element nie. Ons is gekoop met die Skepper Homself. Die 'Creator' het ons gekoop sodat Hy ons Vader kan word.*

Dit herinner mens aan die woorde van Johannes 3:16: Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Ons weet nog nie wat ons uiteindelike doel is waarom die Vader ons gekoop het nie, maar daar moet 'n groot rede voor wees. Daardie verrassing lê vir ons in die ewigheid. Al wat ek kan sê is: *Lammerooi, kind van God, Hy wil jou net saggies teen Sy bors dra, want die grootste liefde, die Bron van liefde, het nog nooit regtig die geleentheid gehad in hierdie bestaan van tyd, in die bestaan van lig, in die bestaan van alles, om Sy volmaakte liefde uit te lewe nie. Hy kan nie, want ons sal dit nie kan hanteer nie.*

Sy volmaakte liefde wag vir ons eers anderkant. Dit is wanneer ons regtig die waarde wat Hy vir ons bepaal het, sal besef. Geen wonder niemand anders kan die Boek oopmaak behalwe die Lam Homself nie.

Seëninge vir julle. Ek glo ek het julle geseën met hierdie Woord, want die Here het my geseën met hierdie Woord.
Mag julle baie ryklik geseënd wees en mag hierdie Woord julle bou tot kragtige pilare in die koninkryk van God.

Die Here seën elke oor wat hoor wat die Gees van God aan die gemeente sê.
Mag hierdie Woord opgroei en veel vrug in julle lewe dra.

-o0o-

**Johannes 1:3** Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.